G.P.-S.33655—1974-75—6 000 (P)

DP 1A

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

471150
Tel. No. ~~25541~~ ×28

Volgno. P77/8/111

Direktoraat van Publikasies
Privaatsak 9069
Kaapstad
8000

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1977 -9- 23
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

Kol C J W du Plooy
Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

Geagte —

WET OP PUBLIKASIES, 1974

PUBLIKASIE OF VOORWERP

AANSOEK OM 'N *BESLISSING/~~HERSIENING~~

Met verwysing na u aansoek van 16 Augustus 1977 moet ek u meedeel dat die publikasie of voorwerp—

Naam en/of beskrywing Jol'iinkomo

Skrywer of voortbringer Mafika Pascal Gwala

Uitgewer Ad. Donker (Pty) Ltd, Johannesburg

deur u komitee bedoel in artikel 4 (1) van die Wet op Publikasies, 1974 ondersoek is en dat die komitee beslis het dat die publikasie of voorwerp—

*nie ongewens is nie;

~~*binne die bedoeling van artikel 47 (2) .... van genoemde Wet ongewens is.~~

OPMERKINGS:

Die uwe

S. F. DU TOIT
Direkteur van Publikasies

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

G.P.-S.12324—1966-67—400,000. S.

S.A.P. 117 A.

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1977 -8- 22
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

GEHEIM
POSLYS

Volgnommer 93

Datum 17/8/77

AAN:—

~~DIE OFFISIER IN BEVEL,~~
~~VEILIGHEIDSPOLISIE,~~
Direkteur van Publikasies
Kaapstad

VAN:—

DIE KOMMISSARIS,
S.A. POLISIE,
PRIVAATSAK 302,
PRETORIA.

Die volgende stukke word ingesluit:—

Verwysingsnr.	*Onderwerp.*
S7/19/60/16(804)	Foundations of these Totalitarian Regimes
S7/19/60/16(803)	UNB
S7/19/60/16(549)	The South African Observer
S7/19/60/16(806)	Job 'Zinkamo

Erken ontvangs
APL 77-8-22

1977 -9- 30

DIREKTEUR VAN PUBLIKASIES

DATUM

G.P.-S.32663—1974-75—3 000-3 (P) SAP ref S.7/19/60/16(806) DP 1

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES
PRIVAATSAK X9069
KAAPSTAD
1977 -8- 22
PRIVATE BAG X9069
CAPE TOWN
DIRECTORATE OF PUBLICATIONS

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Serial No. P77/8/111
(For official use)

PUBLICATIONS ACT, 1974

PUBLICATION OR OBJECT

APPLICATION FOR A *DECISION/REVIEW

Director of Publications, Private Bag 9069, Cape Town. 8000.

I hereby submit to you the publication or object described hereunder and—

*accompanying this application

*being forwarded to you by ....

....

for examination and a decision whether the publication or object is within the opinion of a committee referred to in section 4 (1) of the Publications Act, 1974, undesirable or not.

Colonel Du Plooy	16-8-1977
Applicant	*Date*

* Delete whichever is not applicable.

A. APPLICANT

1. Name Col C J W du Plooy	2. Telephone No. 29281 x 244
3. Occupation S A Police	4. Nature of business
5. Residential or business address	6. Postal address Private Bag X302 PRETORIA 0001

B. PUBLICATION OR OBJECT

7. Name and/or description JOL 'IINKOMO	8. Subject Publication - poets

9. Author or producer	10. Publisher and his address	11. Year and No of edition.
MAFIKA PASCAL GWALA	Craighall Mews Jan Smuts Avenue Craighall Park 2196 JOHANNESBURG,	1977

12. If it is not practicable to submit the publication or object (e.g. in the case of a statue), then specify hereunder the place where the publication or object may be examined by a committee.

C. PREVIOUS DECISION (complete only in case of an application for a *review*)

13. The above-mentioned publication or object was on a previous occasion found to be—

*undesirable by a committee in terms of the Publications Act, 1974;

*undesirable by the Publications Control Board in terms of the Publications and Entertainments Act, 1963;

*indecent or obscene or objectionable by the Publications Control Board in terms of section 113 (3) of the Customs and Excise Act, 1964.

Note: If known, specify hereunder the number and date of the *Government Gazette* in which the above decision was published.

....

*Delete whichever is not applicable.

D. AMOUNT ENCLOSED R..................................

Note: (a) The amount payable is—

	In respect of an application for a	
	decision	review
	R	R
(i) in the case of a drawing, picture, illustration, painting, woodcut or similar representation, print, photograph, engraving or lithograph, figure, cast, carving, statue or model	1,00	5,00
(ii) in the case of any other publication or object, e.g. a book, magazine, etc......................................	5,00	25,00

(b) In the case of an application for a *decision* the amounts are payable only if the applicant is the producer or distributor of the publication or object.

(c) In the case of an application for a *review* the amounts are payable by each applicant.

E. FOR OFFICIAL USE

14. Referred to—

.... chairman of committee on..	Initials

15. REPORT BY CHAIRMAN OF COMMITTEE

The committee examined the publication or object and found as follows:..

BESLISSING: Die digbundel JOL'IINKOMO deur Mafika Pascal Gwala is nie ongewens, binne die bedoeling van Art. 47 (2) nie.

VERSLAG: 1. Die digter, Mafika Pascal Gwala, is van Natal (geb.1946) Hy was al prokureursklerk, fabriekswerker, sekondêre onderwyser en redakteur van Black Review 1973. Hierdie is sy eerste digbundel, maar baie van die gedigte het al in ander tydskrifte verskyn (p.72).

2. Die meerderheid van die ~~xxxxxx~~ 34 gedigte in hierdie bundel, wat van. jaar verskyn het, het geen politieke byklanke van 'n aanvegbare aard nie. Byna elkeen het egter 'n Bantoe-agtergrond, en die lief en leed van die Swartman word dikwels goed uitgebeeld.

3. 'n Aantal van die gedigte bevat sienswyses en stellinge wat blankes nie altyd sal aanstaan nie, maar hulle is nie opruiend of revolusionêr bedoel nie. Die digterlike styl maak hulle ook dikwels nie verstaanbaar met die eerste deurlees daarvan nie, en werk versagtend in. Gedigte en sinne waarna gekyk kan word verskyn op pp. 10,14,42,56,63, 65,70.

4. Hoewel die digter volgens die Komitee se inligting ook aan die Black People's Convention verbonde is, bevat sy gedigte nie die venyn en rewolusionêre taal van sommige BPC leiers nie. Daar is ook geen rekord dat hy ooit in einge wyse onder die veiligheidswette aangehou of aangekla is nie.

5. Daar is wel 'n geoorloofde ruimte vir digwerke van verset, mits die aard van die verset wat bepleit word nie onwettig is nie. Hierdie bundel is een van daardie genre, enk kan nie as ongewens binne die bedoeling van die Wet bestempel word nie.

6. Af en toe verskyn daar kras woorde wat, indien hulle in 'n rolprent of op die verhoog gebruik sou gewees het, ongewens onder Art. 47(2)(a) sou gewees het. Hul teenwoordigheid in hierdie boek is dikwels funksioneel, skok nie die leser nie en is nie oormatig nie (Vg. die Saak: Marathon Man). (Bv. pp. 16, 30, 33, 34, 64, 66.)

Geen Appel
77.09.21

16. DECISION

The committee decided that the publication or object is—

*not undesirable;

*~~undesirable within the meaning of section 47 (2)~~ .... of ~~the Publications Act, 1974.~~

[signature]
Chairman of Committee

21-9-77
Date

*Delete whichever is not applicable.

	Initials
17. The applicant ~~and *the Controller of Customs and Excise, Cape Town,~~ was/~~were~~ informed of the decision of the committee on form DP 1A on .... 1977 -9- 23	
18. The publication or object was disposed of as follows: Returned to Sender.	
19. ~~The decision of the committee was published in *Government Gazette* .... of .... by Government Notice .... of .... in list ....~~	

* Delete whichever is not applicable.

DP 1E

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Volg No. P77/8/111

WET OP PUBLIKASIES, 1974
PUBLIKASIE OF VOORWERP
*LESER/DESKUNDIGE SE VERSLAG

W. 21.9.7. 72p. 1D.

1. Naam en/of beskrywing van publikasie	2. Naam van leser of deskundige
JOL'IINKOMO : Mafika Pascal Gwala. Publisher: Ad. Donker(Pty)Ltd, Craighall Mews, Jan Smuts Ave, Jhb. Also 29 King Street, London.	E G MALAN

3. Kort weergawe van die inhoud:

Die inhoud word in die verslag behandel.

LW: Op 'n vergadering saam met die VK gehou op 28/9/77 het prof. Scholtz met die VK se mening dat die bundel nie ongewens is nie, saamgestem. [initials]

4. Gedeeltes wat moontlik as ongewens beskou kan word:

(i) Art. 47(2)(a): Bladsye 16, 30, 33, 34, 64, 66.
(ii) Art. 47(2)(b): Bladsye
(iii) Art. 47(2)(c): Bladsye
(iv) Art. 47(2)(d): Bladsye 30.
(v) Art. 47(2)(e): Bladsye 10, 14, 28, 34, 42, 45, 56, 63, 65, 70.
(vi) Art. 47(2)(f): Bladsye

5. Ek beveel aan dat die publikasie –

→ *nie ongewens is nie;

VERTROULIK

DP 1E

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Volgno. P.77/8/111

WET OP PUBLIKASIES, 1974
PUBLIKASIE OF VOORWERP
*LESER/DESKUNDIGE SE VERSLAG

1. Naam en/of beskrywing van publikasie	2. Naam van leser of deskundige
Jol'iinkomo	Prof A. v.d. M. Scholtz

3. Kort weergawe van die inhoud:

Vgl. aangehegte verslag.

4. Gedeeltes wat moontlik as <u>ongewens</u> beskou kan word: moet bladsygewys aangedui word.

NW. (i) Art. 47(2)(a) : Bladsye ....

(ii) Art. 47(2)(b) : Bladsye ....

(iii) Art. 47(2)(c) : Bladsye Vgl. aangehegte verslag.

(iv) Art. 47(2)(d) : Bladsye ....

(v) Art. 47(2)(e) : Bladsye ....

(vi) Art. 47(2)(f) : Bladsye ....

5. Ek beveel aan dat die publikasie -

*~~nie ongewens is nie~~;

*ongewens is binne die bedoeling van artikel 47(2) (d) + (e)
van die Wet op Publikasies, 1974,

om die volgende redes:

Vgl. verslag. Ek wil dit eksplisiet stel dat die finale beslissing oor hierdie publikasie deur die Veiligheidskomitee geneem moet word. Self twyfel ek om twee redes: dit gaan poësie, geen fasiele vers-waaiery nie maar nietemin duidelik verset- en opstandsliteratuur; tweedens wonder ek of ons die bestaan van hierdie gesindheid onder die ingeligte Swartman permanent kan aan blanke lesers moet weerhou.

Sgd.
LESER/DESKUNDIGE

11.9.77
DATUM

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

Mafika Pascal Gwala : Jol'iinkomo (P 77/8/111)

Hierdie swart digter is ver bo die middelmaat. Trouens, hy is goed, die gedigte ryk aan ŉ feitelik en emosionele geladenheid wat hulle ŉ onmiskenbare trefkrag gee.

Maar die bundel skep duidelik probleme: die ondertoon, nee: die grondtoon is een van ŉ diep verbitterde verset en ŉ kompromislose vasberadenheid dat die Swartman tot sy reg moet kom sonder om die versuikerde pille soos sê maar toegang tot vyfster-hotelle te sluk as ŉ oplossing vir hulle griewe ~~nie~~.

Die bestes onder die gedigte het dan ook duidelik as slotsom ŉ onvermydelike opstand. Vgl. in hierdie verband bv. die lang "Getting off the ride" wat langsamerhand, deur die toevoer van alhoemeer gegewens wat die verset aanblaas, opbou tot ŉ opstandskreet (bl. 60 vlg.). Lees maar ook "Words are born" (bl. 54 vlg.) of die slotgedig wat opgedra is aan die kinders van Namibia en waarin hulle o.m. opgeroep word om hulle eie nasionale helde soos Hendrik Witbooi en Samuel Maherero te huldig sodat Afrika sy verlede kan hervind. (Die titel "Jol'iinkomo" word verduidelik in die opdrag gedig, en dié betekenis sluit dan ook die laaste gedig af: "The cattle shall have herded home / to our ancestral kraal".) Ek kan verdere bladsye opnoem (bv. 11, 16, 27, 33-34) maar dit verander niks aan die totaalbeeld nie; dié van ŉ begaafde, by tye meesleurende digter met byna oratoriese vermoëns. Met daarmee ook natuurlik die vermoë om die verbeelding aan te gryp en aan te vuur. Nie dat dit die groot massa sal bereik nie, maar daar is in elk geval oorgenoeg geletterdes wat hierdie verse inhoudelik grotendeels sal kan bykom.

Ek weet nie wat die Veiligheidskomitee se beleid i.s. hierdie soort geval is nie, en ek vrees die uiteindelike beslissing sal ek dan ook aan hulle moet laat. Vrae wat by ŉ mens opkom, is: is dit nie beter om die mense die geleentheid te gee om stoom af te blaas nie? Maar dan weer: is dit net blote stoom? Is dié stof in ons huidige plofbare situasie nie te gevaarlik nie? Hoe swaar moet die literêre meriete weeg?

Feit is: ons sit hier voor ŉ dilemma wat geskep is deur ŉ situasie wat afmetings aangeneem het wat maklik buite beheer kan raak. En deurlating beteken die moontlikheid van die voorskryf aan hoërskole (vgl. die gedig vir die kinders van Namibia). Ek vrees dat ons daarom eintlik geen ander keuse het as om te verbied nie. Maar ek sal my graag deur die Veiligheidskomitee laat oortuig dat ek ongelyk het. Verbod is immers net nog hout op die vuur wat alreeds verby smeulpunt is.

[signature]

11.9.77.